

AANLYNAANSOEKE VIR GRAAD 1 / 2021

Die e-platform open op 25 Junie 2020. Al word aansoeke om toelating op grond van kriteria in rangorde hanteer, word elke kategorie nogtans ook gelys in die volgorde waarin aansoeke ontvang word. Dit is dus steeds van belang dat u betyds aansoek sal doen, veral in skole waarin daar groot aanvraag/druk is.

Voornemende Graad 1-ouers word versoek om die aanlynaansoek sowel as die hardekopie van die skool te voltooi. Dit is baie belangrik dat beide aansoeke voltooi sal word.

Die **Gautengse Departement van Onderwys se** webadres is:
www.gdeadmissions.gov.za

Ter voorbereiding beveel ons aan dat ouers hulle betyds sal vergewis in watter skool se voedingsone hulle val.

Registreer op die platform en u sal 'n teksboodskap ontvang wat u gebruikersnaam en wagwoord bevestig vir veilige bewaring en toekomstige gebruik. Daar is tot nog toe nie 'n aanduiding of die platform voor die aansoekproses vir registrasiedoeleindes toeganklik sal wees nie – hou die media dop.

Voltooi die aanlynvorme deur akkurate data in al die velde, gemerk met 'n **asterisk***, in te vul.

AANLYNAANSOEK OM TOELATING VIR GRAAD 1 / 2021:

- Registreer uself as 'n ouer. *Maak asseblief seker dat u die korrekte adres insleutel volgens "Google Maps".* Volg die stappe soos aangedui en kies huisadres as eerste keuse kriterium. Dit is die kriterium met die hoogste waarde.
- Registreer u kind.
- Volg die stappe soos aangedui en kies huisadres as eerste keuse kriterium. Dit is die kriterium met die hoogste waarde.
- As u reeds 'n kind by ons in die skool het, moet die leerder se inligting ook ingesleutel word.
- Die stelsel sal 'n skool met 'n voedersone kies waarin u woonadres die naaste aan die skool is (dit mag wees, dat dit nie noodwendig u eerste keuse is nie).

Hou in gedagte dat u vyf keuses kan uitoefen! U aansoek sal egter die grootste gewig dra by die skool naaste aan u woonadres.

Al die ander keuses. In verskeie gevalle, mag 'n woonadres binne die voedersone van 'n aantal skole val, soms soveel as 4 of 5.

In die uitoefen van u 2de tot 5de keuse, gebruik u dus weer u huisadres om skole te identifiseer en u voorkeurkeuse uit te oefen.

U mag u woonadres gebruik by die uitoefen van al vyf keuses.

- U kan daarna na sekondêre velde beweeg om in voorkeurvorgorde, 'n keuse uit te oefen, naamlik:
- “Sibbe” (gedefinieer as 'n bloedverwant/boetie/sussie wat by dieselfde woonadres tuisgaan) waar sodanige skool nie u naaste skool of voorkeurskool is nie en u in die eerste-keuse skool se voedersone val. Moenie “sibbe” gebruik waar die skool u naaste skool is nie, aangesien ligging meer gewig dra as “sibbe”.
- Werksadres in die voedersone van die skool.
- Indien u binne 30 km vanaf die skool woon. (Al bogenoemde dra A-lys status)
- Indien u buite die 30 km radius bly (d.i. die res van die provinsie). (B-lys status).
- U sal 'n bewys van registrasie en die nodige waglysnommer ontvang. U sal ook ingelig word rakende die dokumente wat u by die skool moet indien en u sal 'n verklaring moet maak dat die inligting wat u verstrek het, akkuraat is.

Neem kennis dat die onderstaande dokumente binne 7 dae na aanlyn-registrasie, na Laerskool Garsfontein geneem moet word.

Wag vir bevestiging dat u aansoek suksesvol was en aanvaar die aanbod vanaf u skool van voorkeur. U kan op enige gegewe stadium by die platform aanlog om die status van u aansoek te besigtig.

Die aanlyn-registrasieproses eindig op 25 Julie 2020.

INSKRYWINGSPROSEDURE:

- Laai die 2021-inskrywingsvorm by www.laerskoolgarsies.co.za af.
- Voltooi en onderteken die vorm. Handig 'n harde kopie by die skool in.
- Onderstaande dokumente moet die inskrywingsvorm vergesel:
 - 1) Afskrif van beide ouers/voog se ID dokument.
 - 2) Afskrif van leerder se geboortesertifikaat.
 - 3) Afskrif van leerder se Immuniseringsertifikate.
 - 4) Afskrif van bewys van residensiële adres (slegs Munisipale rekening, afskrif van huur/koop kontrak, bankstaat of SARS brief)
 - 5) In die geval van 'n oorlede ouer – afskrif van 'n doodsertifikaat.
 - 6) In die geval van wettige voogskap – Afskrifte van die wettige dokumentasie uitgereik deur die Hof.
 - 7) Getekende Kontroleform LG19 (b)

Die inskrywingsproses is uit ons hande en daarom moedig ons ouers aan om noukeurig te let op die prosedures om u kind se plek te probeer verseker.

Geen vorm sal aanvaar word indien al die dokumentasie nie ingehandig is nie.